

## ONS LEER OM LIEWER

Eendag op 'n slag in Al-Anon (B-6), wat liefdevol verwys word as die "ODAT," was die enigste boek wat tydens vergaderings by my eerste tuisgroep ooit gelees is. As 'n jong man, bekommerd oor my ma se drinkery, het ek gesukkel om my te vereenselwig met die boek se perspektief - hoofsaaklik dié van die vrou van 'n alkoholis. Ek het geweier om die boek te koop, maar, "toevallig" het ek 'n eksemplaar in 'n loodjie gewen.

Stadig het ek my hart en verstand begin oopmaak. Deur te leer om op beginsels te fokus, in plaas van persoonlike besonderhede, het ek ooreenkomste eerder as verskille begin sien tussen my en die vrouens rondom my, sowel as dié in die ODAT. Ek het gevind dat ek by hul gevoelens kon aansluit, en hul ervarings maklik kon omskep in soortgelyke van my eie. Jare later gaan ek nog steeds voort om my te verwonder aan die absolute skoonheid en waarheid in so baie van die boek se bladsye.

My ervaring was soortgelyk met **The Dilemma of the Alcoholic Marriage (B-4)**. Hoekom sal ek dit lees? Ek was nie getroud nie. Teen die tyd toe ek dit wel gelees het, het ek het geleer hoe om "te identifiseer, en nie vergelyk" nie. Ek het besef hoeveel verhoudingslaggate ek kon vermy het as ek net bereid was om 'n oop gemoed te hou, en die boek vroeër gelees en bespreek het. Die "**Five guides to communication**"-afdeling, alleen is van onskatbare waarde.

Baie van die kommentaar wat deesdae ontvang word deur die Letterkundekomitee oor die **ODAT** en **Dilemma** weerspieël soortgelyke opinies soos dié wat ek aanvanklik gehad het. Nuwer lede vind dit moeilik om met hierdie boeke verband te hou, want hulle weerspieël verouderde sosiale konvensies en gebrek aan die verskeidenheid verhoudings wat hedendaags by vergaderings verteenwoordig word. Die mees algemene voorstelle wat aangebied word, is om die boeke te hersien of om die druk daarvan te staak.

Al-Anon was van die begin af bedoel vir enigiemand wat deur iemand anders se drinkery geraak word. Maar omdat ons letterkunde geskryf is deur ons lede, en die meeste van ons eerste lede was vrouens, weerspieël die inhoud in Al-Anon se vroegste literatuur daardie feit, sowel as die tye waarin dit geskryf is. Deur die jare het die Wêrelddienskonferensie (WSC) en die Letterkundekomitee die groot waarde besef in die bewaring van die ervarings van ons vroegste lede en dat dit geredelik tot ons beskikking behoue bly. Dus, eerder as om daardie vroeë stories te hersien, en sodoende die risiko te loop om hulle waarde te verminder, het die Letterkunde Komitee en WSC aanbeveel dat die stories soos dit geskryf is, behou word, terwyl van die nuwer stukke wat ons huidige lede weerspieël, ontwikkel word..

Meer onlangse boeke, soos **Discovering Choices—Recovery in Relationships (B-30) and Intimacy in Alcoholic Relationships (B-33)**, vertel van 'n wye verskeidenheid van verhoudings en situasies wat ervaar word deur vandag se lede.

Met hierdie verwickelinge in gedagte, het die WSC verlede jaar gestem vir die ontwikkeling van nuwe inleidings om in die volgende druk van die **ODAT** en **Dilemma**, in te sluit. Dit plaas dan die inhoud binne die konteks van die tyd en omstandighede waarin dit geskryf is. Mag hierdie nuwe inleidings ons help om beter te laat hoor en verband hou met die wysheid van **al** ons lede, insluitend diegene wat die weg vir ons gebaan het vir ons reis vandag.

Ek kyk uit by die venster een ysige oggend in Februarie, en die toneel voor my was vaal en kleurloos. Sneeu het gevlieg, die grond was wit en grys, kaal bome het verlate in die wind gewaai. Ek het so pas 'n telefoonoproep met my alkoholiese seun beëindig, omdat my kommentaar hom woedend gemaak het. Ek het verbysterd gevoel, maar ek het my Al-Anon-gereedskap gebruik om te besluit dis die beste om nie betrokke te raak nie. Ek weet ek hoef nie deel te neem aan kwetsende gedrag nie. Ek het dosyne SMS'e en telefoonoproepe van hom ontvang, nadat ons afgelui het, en ek het uiteindelik die keuse gemaak om my telefoon af te skakel.

Toe ek weer by die venster uitkyk, word ek deur my Hoër Mag daaraan herinner dat gebed, Al-Anon-vergaderings en lektuur my kan help om te sien dat daar onder die sneeu en vuilis blombolle is wat binnekort sal deurbreek met helder kleure. “Hierdie sal ook verbygaan.” Ek kan glo en vertrou dat daardie groen gras, blare en kleurrike bloeisels wel sal kom.

Vroeër daardie oggend het ek 'n elektroniese Al-Anon-vergadering bygewoon. Een van die lesings was vanaf bladsy 85 van **Courage to Change (B-16)**, wat my 'n gesondere perspektief gegee het in verband met my telefoonoproep met my seun. Dit het vir my duidelik geword vir wie ek verantwoordelik is, ( myself ), en vir wie ek nie verantwoordelik is nie, (my alkoholiese seun).

Daardie een bladsy was vol waarhede en kosbare wysheid wat my verkwik het te midde van my geliefde se waansin. Ek is dankbaar vir Al-Anon vir die perspektief om 'n helderder kleurskema vir my lewe te sien. Vandag sal ek blom waar ek geplant is, wetende dat daar hulp en hoop in Al-Anon is.

**NET VIR VANDAG .....**

- ⑩ Sal ek konsentreer om diegene wat so baie tot my lewe bydra, te waardeer.
- ⑩ Sal ek onthou dat geduld baie belangrik in my lewe is

•